# Die Eendjienuus


Uitgawe 14: 24 April 2026



**Belangrike inligting:**


Datums Bl. 3

Moedersdagverkope Bl. 7



# Uit die kantoor

- Die dogters het die fliekaand terdeë geniet. Baie dankie aan mev. Rochelle Coetzer, mev. Zenobia Peyper en die leerderraad- en graad 7-ouers vir al julle moeite en reëlings. Dit was 'n groot sukses.
- Baie geluk aan die netbalspanne wat hierdie week weer pragtig netbal in die A-liga, teen Primêre skool Willem Postma en in die B-liga, teen Eunice primêre skool gespeel het. Uitslae op bladsy 4.
- Volgende week is daar geen ligawedstryde nie. Op Maandag, 4 Mei, speel die A-liga teen President Brand Primêre skool en die B-liga teen Joe Solomon Primêre skool.
- Baie sterkte aan die vier swemmers wat vanaf 24 tot 27 April aan die Suid-Afrikaanse skole swemkampioenskap in Kaapstad gaan deelneem.
- Baie sterkte aan die o. 13A-netbalspan wat volgende week aan die Wildeklawer netbaltoernooi in Kimberley gaan deelneem.
- Baie sterkte aan die o. 11 A- en B-tennisspanne wat volgende week aan die Limodo tennistoernooi in Bethlehem gaan deelneem.
- Moedersdagverkope begin op Dinsdag, 5 Mei, tot Vrydag, 8 Mei, in die gimnastieksaal. Vir meer inligting kyk op bladsy 7.
- Maandag, 27 April, is Vryheidsdag. Die skool verdaag op Donderdag, 30 April, om 11:45 vir die langnaweek. Vrydag, 1 Mei, is Werkersdag.

# BELANGRIK

| | |
|---|---|
| 24 April: | MMED Finale Netbalproewe o. 12/o. 13 |
| | Skool verdaag 11:45 |
| 27 April: | Vryheidsdag |
| 28 April: | Tannie Desire verjaar (Preprimêr) |
| | Voedselprojek Gr. 7B |
| | Boek Buddies |
| | o. 11-Limodo-tennistoernooi vertrek |
| 29 April: | o. 11 Limodo tennistoernooi |
| | o. 13A Absa Wildeklawer Netbaltoernooi vertrek |
| 30 April: | Juf. Celeste verjaar |
| | Voedselprojek Gr. 7C |
| | Skool verdaag 11:45 |
| | Geen buitemuurs |
| | o. 11 Limodo tennistoernooi |
| | o. 13A Absa Wildeklawer netbaltoernooi |
| 1 Mei: | Werkersdag |
| | o.11 Limodo Tennistoernooi |
| | o.13A Absa Wildeklawer netbaltoernooi |
| 2 Mei: | o.11 Limodo Tennistoernooi |
| | o.13A Absa Wildeklawer netbaltoernooi |
| 4 Mei: | A-netballiga 5: PBS vs OMS |
| | B-netballiga 5: OMS vs Joe Solomon |
| 5 Mei: | Voedselprojek Gr. 6A |
| | Moedersdagverkope, Gimsaal |
| 6 Mei: | Moedersdagverkope, Gimsaal |
| | A-netballiga: WP vs OMS o. 12A |
| 7 Mei: | Voedselprojek Gr. 6B |
| | Moedersdagverkope, Gimsaal |
| | A-netballiga 5: Brandwag vs OMS |
| | B-netballiga 5: OMS vs Bloemfontein Sentraal |
| 8 Mei: | Moedersdagverkope, Gimsaal |
| | Vyfhoekige tennistoernooi - Koringaar |
| | Landloopliga 1 |

# Netbal

Op Donderdag, 23 April 2026, het Oranje teen Willem Postma netballiga gespeel. Die kompetisie was baie sterk en die dogters moes hard werk vir elke doel. Die uitslae is as volg:

Ligawedstryd 3: A-liga: OMS vs WP:

| Gespeel op WP se bane | | | Gespeel op WP se bane | | |
|---|---|---|---|---|---|
| o.10A | Verloor | 5-9 | o.11A | Verloor | 15-17 |
| o.10B | Verloor | 8-9 | o.11B | Wen | 13-4 |
| o.10C | Wen | 26-4 | o.11C | Wen | 17-7 |
| o.10D | Wen | 20-4 | o.11D | Wen | 12-1 |
| o.12A | Wedstryd word later gespeel | | o.13A | Wen | 16-11 |
| o.12B | Wen | 12-8 | o.13B | Wen | 11-6 |
| o.12C | Wen | 22-3 | o.13C | Wen | 22-13 |
| o.12D | Wen | 17-0 | o.13D | Wen | 15-0 |

OMS speel 15 wedstryde:
Wen: 12
Verloor: 3

Dankie aan die afrigters en ouers wat die dogters getrou ondersteun langs die baan.

Ligawedstryd 3: A-liga groep 2: OMS vs Eunice
Die E- en F-spanne speel teen die A- en B-span van die opponent.

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| o.10E | Verloor | 2-7 | o.11E | Verloor | 0-27 |
| o.10F | Gelykop | 3-3 | o.11F | Wen | 16-1 |
| o.12E | Verloor | 0-25 | o.13E | Verloor | 1-20 |
| o.12F | Verloor | 0-5 | o.13F | Verloor | 0-5 |

OMS speel 8 wedstryde:
Wen: 1
Gelykop: 1
Verloor: 6

Dankie vir die dogters wat getrou kom oefen en hulle netbal geniet.



# Triathle en Biathle

Ons eendjies het ons baie trots gemaak by die 2026 Vrystaat Triathle en Biathle Kampioenskappe wat in Bloemfontein plaasgevind het op 18 en 19 April 2026.

TRIATHLE:

Dogters o. 11:
Lenike van den Berg 1ste
Skye Futter 2de
Leah Venter 3de
Aila Cilliers 4de

Dogters o.13:
Lea Cilliers 1ste
Tené Venter 2de
Kaylin Blair 3de

Dogters o. 15:
Almé Bornman 2de

BIATHLE:

Dogters o. 11:
Lenike van den Berg 1ste
Aila Cilliers 2de
Skye Futter 3de
Leah Venter 4de

Dogters o.13:
Lea Cilliers 1ste
Kaylin Blair 2de
Tené Venter 4de

Dogters o. 15:
Almé Bornman 2de

# Sport

# Redenaars

Emma Odendaal het 'n 4de plek by die finaal van die Vrystaat Radikale Redenaars behaal. Baie geluk!





# Dans

Twee Akrobatiese dansers het op Saterdag, 18 April, aan die Vrystaat Streekkampioenskappe in Welkom deelgeneem.

Haley-Aleah Human Graad 2
Nelize Sieberhagen Graad 2

Beide dansers maak dit deur en vorm deel van die Suid-Vrystaatspan wat op 2 Mei gaan deelneem aan die Vrystaat Interdistrik Kampioenskap.

# Kultuur

# Fliekaand

Die fliekaand was 'n reuse sukses en 'n aand vol pret, lag en kosbare herinneringe! Baie dankie aan die leerderraad-ouers wat die aand so puik beplan en behartig het. Julle harde werk en toewyding word opreg waardeer! Baie dankie ook aan elke dogter, boetie, ouer en familielid wat die aand bygewoon en ondersteun het. Ons waardeer elkeen se betrokkenheid!



















Primêre Meisieskool Oranje bied aan
Moedersdag Mark
5 - 8 Mei
Di. 5 Mei - Do. 7 Mei verkope by OMS Gimsaal
Tye: 07:00 - 07:30
09:00 - 10:00
11:00 - 14:00
Vrydag, 8 Mei verkope voor kantoor vanaf 07:00 - 14:00
Kontant- en Kaartfasiliteite beskikbaar.
Verskeie produkte op Karri ook beskikbaar. Ontvang items op Vrydag, 8 Mei.


Primêre Meisieskool Oranje bied aan:
Protea Mark
Die volgende proteas kan aangekoop word op Vrydag, 8 Mei, voor die kantoor.
Onderhewig aan beskikbaarheid
R50 Susaras per steel
R130 King White per steel
R130 King Pink per steel
R80 Red Rex per steel
R290 Protea Bossie
R290 Protea Rangskikking
R80 Venus per steel
R50 Pink Ice per steel


Primêre Meisieskool Oranje bied aan:
Items op Karri
Ons Familie
Handgeverfde Platter Borde teen R600.
Laat verf jou eie huisgesin op 'n Platterbord vir Moedersdag!
'n Skakel met verdere inligting word gestuur nadat jy dit aangekoop het op Karri.
Ontvang alle items Vrydag, 8 Mei, by die kantoor.
R290 Protea Bossie
R290 Protea Rangskikking


Primêre Meisieskool Oranje bied aan:
Items op Karri
MICHELLE SE KOMBUIS
Tuisgemaakte gevriesde etes. 'n Vinnige, lekker ete in 'n japtrap om Mamma op Moedersdag te bederf!
Beef Lasagne – 1350g (Groot) @ R212
Hoenderpastei – 1250g (Groot) @ R212
Saucy Chocolate Poeding – 1150g (Groot) @ R181
Ontvang items Vrydag, 8 Mei, by die kantoor.



# Gedagte vir die week

## 'n Lewende voorbeeld

Kinders leer van jongs af by volwassenes dat net wenners eintlik saak maak. Vir baie ouers en onderwysers is slegs die eerste plek belangrik. Natuurlik is dit wonderlik as kinders hulle talente en vermoëns van 'n jong ouderdom af ontwikkel. 'n Mens moet egter daarteen waak dat die najaag van sukses belangriker word as hulle verhouding met God.

Behoort kinders nie ook ander belangrike waardes in die lewe te leer buiten wen, wen, wen nie? Sien hulle hoe ons as ouers die Here met toewyding dien? Sien hulle elke dag hoe ons oop harte en hande het vir mense wat minder bevoorreg is? Is ons lewende voorbeelde van liefde en vergifnis vir ander? As die antwoord nee is, kan ons mos nie kla oor die "jeug van vandag" of na hulle verwys as die "verlore generasie" nie. Dalk verdien ouers eerder dan hierdie titel. Kinders leer alles wat hulle weet by volwassenes, daarom moet ons hulle reg leer en 'n goeie voorbeeld stel.

*'n Veilige vesting*
*deur Stephan Joubert*